# HABARI 1999

## 32

## Nuusbrief van die Vriende van Oos-Afrika
## Newsletter of the Friends of East Africa



**LOOKING FOR A USED CAR?**

Why not call and see our range at our

The Cooper Motor **AUTORAMA** Corporation Ltd

Prices from £200 to £800 and we are sure we can show you the car you have been looking for-

HOLDENS,
VOLKSWAGENS,
LANDROVERS
and several other makes.

### GOOD-BYE

Mr. & Mrs. S. P. Engelbrecht of Mimosa Farm, Soy, wish to say Good-bye to all their relatives, friends, and past milk customers of Eldoret.

May God bless everyone of us.

### GEDENKSAAL

Daar sal op Woensdag 25 Maart om 8 n.m. 'N Vergadering gehou word in die huis van Mnr. S. H. Barnard om Finaal te besluit oor die toekoms van die Gedenksaal. Alle Belangstellendes word gevra om Teenwoordig te wees.

**Western Kenya Auctions Limited**

P.O. Box 466, Kitale
Telephone Kitale 69
Representing: Wines E. A. Ltd.
Total Oil Products Ltd.

K. HAGER. — J. F. PERKINS
AUCTIONEER AND LAND AGENT

P.O. Box 486, Eldoret.
Telephone Eldoret 142

**NG'OMBE KUUZWA YA MAZIWA AYRESHIR[illegible] GRADE**

Kwa kufuata amri ya Bw. J. C. Kruger sisi tuna [illegible] kwa

**PUBLIC AUCTION NG'OMBE MZURI SANA**

| | |
|---|---|
| Ya Maziwa | 230 |
| Mtamba tiyari kwa dume | 70 |
| Mtamba kijana | 55 |
| Ng'ombe dume [illegible] | 50 |

# ELDORET SPORTS CLUB

**NOTICE OF THE ANNUAL GENERAL MEETING**

To be held in the Club House on Tuesday 24th March, 1964, at 6.00 p.m.

**AGENDA**

1. Confirm minutes of previous Annual General Meeting.
2. Chairman's Report.
3. Club Finance, Balance Sheet, Income & Expenditur Account for year ending 31st December 1963.
4. Election of President and Office Bearers.
5. Election of Club Auditor.
6. Consideration of any Resolutions, affecting the constitution of the Club of which due notice has been give in writing posted on the Club Notice Board for at lea 14 days, duly proposed and seconded.
7. Any other business.

**Saturday 21st March 1964**

**RUGBY**

AT ELDORET

**X XV V NANDI BEARS**

3.30 p.m.

Trestrail, (Capt.) Daughty, Nuiwenhuizen, Colquhou Phillipson Rose, Barton-Eckett, Patterson, Wessels, Elsto White, Young, Christie, Robson, Fuller.

**1st XV V NAKURU**

Kickoff 5.00 p.m. (4 30 p.m.) Please

Munro, Ball, Lloyd, Collins, (Capt.) Dimech, Meintji Barnard, Dawe, Hockley, Dewar, G[illegible]ulice, Bompas, Jenki Botha, Kruger H.

Will the Following Please Turn up Complete with K

Shelley, Mathews, Wright Vorster, **Stocker!** Pembrid Boshof (Bros) Emslie J. & C. J., Davies, Taylor.



SHOP THE MODERN WAY AND SAVE POUNDS ON YOUR PURCHASES

AT

**THE SELF SERVICE STORE OF ELDORET.**

**Hassanali & Co.**

EXPECTING SOON FRESH CONSIGNMENT OF CORN FLAKES

WATCH OUR ADVERTISEMENT FOR THE PRICES

WANTED: FRESH FARM EGGS.

# Habari 1999

**HABARI YA SIKU KUU - 1999**

Dit lyk asof ons jaarlikse Oos-Afrika byeenkoms by die Roodeplaatdam ook al, soos die fonteine van ouds, 'n gevestigde tradisie word. Vanjaar sal dit al die die vyfe jaar wees wat ons by die dam vergader. Kom ons maak dit 'n lekker "SIKU KUU".

But we have to budget for change - fortunately not political change this time. The reserve where we are to meet is now a genuine nature reserve - complete with grass roof at the entrance gates. The latter, we suppose, justifies the new entrance fee.

Samesprekings is gehou oor die status van bona fide besoekers aan die NG Kerk kampterrein. Maar soos dinge nou staan moet alle besoekers maar begroot vir die R5-00 toegangsfooi per volwassene en R2-00 per kind onder 18. Die R2-00 per persoon kampterreinfooi sal ons maar weer poog om uit ons kollekte te finansier.

A silver lining to the dark cloud: usually in the past the gates were closed at 18:00. This, however, did not cramp only our style, but also that of many other groups. As a result the powers that be agreed to have the gates manned until 22:00.

Ons sal dus weer langer kan kuier. Wees net versigtig vir botsings met zebras, koedoes ens. op pad uit in die donker.

As 'n mens deur die hek is in die reservaat kan 'n mens by die vurk of links draai, of regs en dan na sowat 'n 100m weer links. Dit is 'n sirkelpad en albei roetes lei na die klipmuur en pappot by die ingang van die terrein waar ons vergader. Al verskil is dat daar gewoonlik meer wild te siene is op die roete links om. Teen die tyd wat ons vergader sal daar blykbaar ook al bordjies wees om die roete na die NG Kerk kampterrein aan te dui.

Sien julle daar op 2 Oktober 1999!
See you on the 2nd of October 1999!

---

## OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE
## COMMITTEE OF THE FRIENDS OF EAST AFRICA


*Voorsitter:* Alex Boshoff, Posbus 21, DERDEPOORTPARK, 0035 (012.8085353)

*Ondervoorsitter*: Danie Steyn - Posbus 14368, Dersley, SPRINGS 1569. 011.366 1747. Sel:083 271 6387

*Redakteur Habari*: Eddie de Waal, Keeromstr 628 HERCULES 0082 , (012.3792604)

- Ds Piet Grobler, Posbus 10, CLARENS, 97097. Tel 058.2561007
- Mrs Emma Stow, Belrene Str 14, RIETONDALE, 0843 (012.329-4177)
- Prof PG Nel, Posbus 421, NYLSTROOM 0510 (Zebrapark 14) 014.7172600


**Bydraes vir die druk van die HABARI is baie welkom. You can deposit your donations directly into the OOS AFRIKA VRIENDEKOMITEE bank account, at ABSA HERCULES, 08060-2405**

---

## *The Boers in East Africa*

***Ethnicity and Identity***

by Brian M du Toit

ISBN: 0-89789-611-4 NYP
Price: £47.95
209pp

Brian M du Toit is Professor of Anthropology at the University of Florida, Gainesville, USA.

With this book Professor du Toit studies the reasons for the Boer treks to Kenya and Tangayika early in the twentieth century, as well as the reasons why they retained their own ethnicity - an ethnicity one would have until recently called the *Afrikaner* way of life, without thinking twice about what was meant by *Afrikaner*.

Prof du Toit especially studies the role of the *dominees* (belonging to the three "sister" churches) that served the Boers in East Africa. He sees their work as one of the main reasons why the Boers retained their racial, linguistic, religious, and political boundaries. He says, "They must receive praise for pastoral care, for attempts to uplift and prevent economic decadence, and for assuring that services were available for those in need. They must also be faulted for perpetuating boundaries that existed and for creating new ones when they were clearly divisive."

The chapters in the book cover the following aspects: the East African Scramble; the Anglo-Boer War; the first people to reconnoitre the hinterland with the idea of leaving South Africa; the Treks to East Africa; Settlement; the Economy of East Africa; the Church; Education; transitions in the time of decolonization.

The book is comprehensive, readable, and dense with facts. It is a book that most emigrant Boers from Kenya would like to have on their shelves, even if it is simply to have an account at hand that contains names of family members, plus well-researched details on what their roles in East Africa were. In South Africa, however, the price of £47.95 translates into an uncomfortably high number of Rands - an informative, desirable book for anyone who wants to keep the history of the Boer settlement in East Africa alive - but a book that is not - in South Africa - as affordable as one would have wished.

---

## In den Beginne...

### Eerste Skooltjie

Teen die end van 1908 dan ontstaan daar 'n plaasskooltjie op die werf van oom Koos Malan (snr). Die inisiatief het veral uitgegaan van sy flukse dogter Margaretha, later "Max Laubscher". Sy het as onderwyseres die veeleisende werk gedoen. Die skooltjie was 'n bietjie ondoelmatig, omdat dit so te sê

buite bereik van die meer afgeleë bure gestaan het. Daarom het die mense na 'n lang bespreking 'n meer sentrale standplaas aangewys. In daardie goeie ou dae het ons nog soos bye en miere saam gearbei om sulke werkies klaar te kry. Een kap pale in die bos, die ander sleep uit. Sommige ry klippe aan en ander bou. Elkeen doen sy deeltjie. En wat meer is, die vroumense maak bier, bak pannekoek, en dra ketels koffie aan. Die mansmense hou nogal baie van sulke spanwerk, want, alhoewel dit alle geldelike vergoeding uitsluit, bied dit groot afleiding. Dis die geleentheid om heerlik te gesels en allerhande kaskenades uit te haal, en die werk word 'n piekniek...

En toe die geboutjie, wat geen argitek nou juis as 'n kunsproduk sou bestempel nie, klaar was, was dit met groot entoesiasme in Oktober van 1939 geopen. Die ouers wie se kinders nou ook die geleentheid sou kry om 'n gereelde skoolbesoek te hê, was Piet Pretorius, Piet von Landsberg en sy broer Nelie, Jac van Dyk, Hans Matthijssen, en ons Pienaars natuurlik. Saam met die ouers wie se kinders reeds by Margaretha onderrig ontvang het, het ons 'n beroep op haar gedoen om die nuwe werk op haar skouers te neem. Dit het vir haar groot ongerief meegebring, want die geboutjie was ver van haar ouerhuis. Nogtans was sy so vriendelik om die betrekking te aanvaar. Elke môre moes sy op 'n oop, stampende, skommelende oskar, drie myl na die skool aflê, en maar weer in die middag terug. Mense wat Ngare Nanyuki se poeierstof ken, kan dink wat 'n vrou in 'n oskar verduur deur dag in en dag uit deur die stikkende los stofpaaie te worstel. Meer as twee jaar het Margaretha, ondanks haar husiwerk as huisvrou, met groot opoffering en groter getrouheid haarself op skitterende wyse van haar taak gekwyt. Tot in lengte van dae sal Oos-Afrika haar aanvoorwerk onthou.

Uit "Baanbrekers" deur Deki, Nas Pers Bpk, Kaapstad. (Effe verkort)

---

## IN MEMORIAM

Sympathy to the families of the following people that passed away:

* Mr Nick Smit passed away in September 1998. He is survived by his wife Olga, his son Peter, daughter Helen, and two granddaughters. He worked for the KUR & H in the Marshalling Yard, Mongoquine. He came to South Africa and farmed at Louis Trichardt for three years, and then joined Plascon Paints in Krugersdorp. There he worked for ten years. Afterwards he worked for Baragwanath Hospital for ten years.

* Mrs Anna Ulyate passed away in January after a short illness. Her late husband, Eddie, farmed in Gilgil. Anna worked for Unga Ltd in Nairobi. After coming to South Africa she joined the prison services, first in Potgieter Street, Pretoria, and the the Fort in Johannesburg, then Pietermaritzburg. She is survived by four daughters - Diana, June, Peggy, Leoni; a son - Herbert; and her brother Paul van Rensburg, and sister Emma Stow.

# Habari 1999

* Mrs Hilda Wells (nee Bosch) passed away in Grahamstown. She was the daughter of the late Fanie and Magery Bosch. Fanie was the Superintendent of the Mathari Mental Hospital in Nairobi. Hilda'a sister Margery and brother Charlie predeceased her some years back.

---

## So onthou ek die Eyberse

**deur Johanna Cloete**

*Die Eyberse was van die hardwerkenste mense wat ek nog geken het. Hulle het altyd hulle beste gegee en hulle liefde uitgestort op die kinders vir wie hulle skoolgehou het. Hulle kon goed Swahili praat en het ook hulle sendingwerk in hierdie taal gevoer. Tydens die Mau-Mau het hulle volhard in hulle sendingwerk, maar hulle is nooit op die stasie gemolesteer nie.*

Die Eyberse het egter nie altyd die erkenning wat hulle vir hulle sendingwerk verdien het van die Afrikaners en gemeentelede op die Uasin Gishu ontvang nie. Ten spyte hiervan het hulle hulle steeds beywer vir sendingwerk en heelwat evangeliste en predikante opgelei.

Predikante uit Suid-Afrika het diwkels Kenia toe gekom om die sendingpredikante te orden. Sonnie en ek het die Eyberse gevra dat een van die evangeliste wat deur hulle opgelei is, op Concordia kom woon om onder die Kalenjin te arbei. Leefie het toe op die plaas huis opgesit. Dikwels, as daar op die Plateau 'n byeenkoms was, of 'n spesiale diens of koorkompetisie, het die plaaswerkers van heinde en verre by die sendingstasie byeengekom. Op pad soontoe het ons werkers die plaaslorries volgepak. Dit was dan ook 'n kans om vriende en familie wat elders gewerk het, weer te ontmoet.

Ek onthou Eybers was lank en skraal, en sy vrou kort en geset. Albei was donker van gelaat, plat op die aarde, baie natuurlik, en glad nie snobisties nie. Mev Eybers het die Vroue-sendingvergaderings gelei. Sy was 'n praktiese en pragmatiese voorsitter en het dikwels besef dat vroue van ver af gery het om vergaderings by te woon. Soms het sy vir vroue "huiswerk" gegee vir 'n tipe boekbespreking by die volgende vergadering. Die besprekings het nie altyd na wense verloop nie, want mev Eybers het soms hewig van ons interpretasies verskil.

Eerwaarde Eybers het soms, veral as hy ingedagte was, half aan die slaap gelyk. Die gevolg was dat party mense in Eldoret na hom verwys het as "Oorlede Eerwaarde". Of hy ooit van dié bynaam gehoor het, weet ek nie.

Wanneer daar kerkbasaar vir die sendingstasie gehou is, het die Eyberse net so hard gewerk soos die res van ons en ook net so hard aan die braaivleis gesmul. Eenkeer het die goewerneur, Sir Evelyn Baring, die braaivleis bygewoon. Dit moes seker vir hom vreemd gewees het hoe die Afrikaners, insluitende die Eyberse, hulle vleis sonder messe en vurke geniet het. Aangesien dié besondere goewerneur altyd gelyk het asof hy 'n pyn op sy maag het, het ons nie agtergekom of hy geskok was of nie...

## PIETER CORNELIUS (ROOI PIET) JOUBERT (1859-1945)

(Ons het ongelukkig die naam van die skrywer verlê - Wie was dit?)

***Na die Tweede Vryheidsoorlog***

*Na die Tweede Vryheidsoorlog wou Pieter en baie ander oorlewendes nie onder die Britse bewind (die spinnekopvlag) woon nie. Daarby het baie boere omtrent alles wat hulle besit het - selfs hulle vroue en kinders - verloor in die oorlog en konsentrasiekampe, as gevolg van Kitchener se verskroeide aarde beleid.*

Baie boeremense, veral op die Transvaalse Oostelike Hoëveld, het besluit om weer, soos die Voortrekkers, uit te trek. Sommiges het gemeen dit sou beter wees om na Suid-Amerika te gaan, terwyl ander weer gedink het aan Madagaskar of die Belgiese Kongo - *enige plek waar die Brit nie seëvier nie!*

Pieter Joubert, genl David Joubert van Carolina, Joachim (Oom Gom) de Clerq van Lydenburg. Willem Francois (Willem Koffie) Joubert, 'n swaer van Piet Joubert, en andere het 'n vergadering naby Middelburg, Transvaal, gehou.

Gedurende die oorlog was Willem Koffie 'n banneling in Ceylon. Op die terugreis na die oorlog het hy op Dar-Es-Salaam, Duits-Oos-Afrika, aan wal gegaan, waar hy twee veeboere uit Suid-Afrika teëgekom het. Die twee het hom van die mooi en ongerepte wêreld by Kilimanjaro vertel. Op 'n dag ontmoet Willem vir David Joubert op Machadodorp en nooi hom na sy huis op Ermelo waar Pieter Joubert toevallig ook gekuier het. Daar vertel Willem van dit wat hy van die Kilimanjaro-gebied gehoor het.

**Verkenningskommissies**

Op 7 Januarie 1903 was 'n verkenningskommissie gekies om die Kilimanjaro-gebied te gaan bekyk en met die Duitse owerhede vir die toekenning van grond te onderhandel. Die volgende persone was op die kommissie: *Rooi Piet Joubert van Ermelo (Leier), en sy seun Hansie Johannes Nicolaas) Joubert; Genl David Joubert van Carolina, en sy seun Groot David Joubert; Willem Koffie Joubert van Ermelo, en oom Gom de Clerq van Lydenburg ('n oom van Rooi Piet).*

Op 14 Januarie 1903 hulle oor Lourenco Marques na Dar-Es-Salaam vertrek. Namens die Duitse owerheid het dr Muhman hulle aangeraai om via Mombasa en Port Florence (Kisumu) te reis, en dan vanaf Port Florence oor die Victoriameer na die wesgrens van Duits-Oos. Plase van 50,000 hektaar is belowe - 10 000 hektaar vir elk van die vyf senior kommissielede!

Teen einde Januarie 1903 het die reis begin, per skip vanaf Dar-Es-Salaam na Mombasa, en toe per houtbrandtrein oor

Nairobi en Nakuru tot op Kisumu. Die trein was stadig, en moes dikwels vir water en brandhout stilhou, en hulle het 'n goeie uitsig op die landstreke van Kenia gekry.

By Kisumu was die passasiersboot egter onklaar, en na omtrent twee weke se frustrasie het hulle 'n Arabiese boot - 'n Dhow - gehuur om hulle reis voort te sit. Dit het hulle tot op Shirati geneem. Vandaar het hulle 'n voetsafari aangepak. Op Ikoma was hulle egter verplig om terug te draai, want hulle het almal aan malaria siek geword en genl David Joubert het daaraan beswyk. Hy is in 'n ongemerkte graf weggelê.

Met dieselfde roete is hulle toe weer terug, en op Dar-Es-Dalaam gehoor hulle mag net 10,000 hektaar grond kry. In April 1903 was hulle weer tuis.

'n Tweede kommissie is in Junie van dieselfde jaar gekies. Dit het in Mei 1904 weggespring en in Junie 1904 teruggekeer. Die kommissie se gesamentlike leiers was SPE Trichardt (oud-artelleris van die ZAR), Jacobus Malan (genl Wynand Malan se vader), en Rooi Piet Joubert. Die lede was Koos Malan en Piet de Wet, sy skoonseun. Thys en Willie le Roux, Karel Grobler (of Grobbelaar) Karel Trichardt (SPE se seun) PN Grimbeeck en PN Smit.

**Trekke**

Intussen het die Pieter von Landsberg geselskap - 41 mense - op 21 Junie 1904 Suid-Afrika verlaat en na Dar-Es-Salaam en oor Tanga na Kilimanjaro getrek (349 km vanaf Tanga tot op Arusha). Hulle het Arusha op 18 Augustus 1904 bereik.

Vroeg in 1905 trek die Joubert geselskap met 407 mense na Duits-Oos. Hulle reis met hulle vrag op die *Somali* vanaf Lourenco Marques tot op Dar-Es-Salaam. Vandaar gaan hulle verder per skip na Mombasa, en toe per trein tot by Voi. Hulle roete sou dan oorland wees: Voi, Taveta, Moshi, Arusha, met waens en osse.

Ongelukkig het Louis Alberts 'n korter roete gepropageer - vanaf Tanga na die binneland. Die mense wat nie die reis oor Mombasa kon bekostig nie, het sy voorstel gevolg. Vanaf Tanga het hulle per trein gereis tot op Mombo, en vandaar oorland getrek na Moshi en Arusha. Dit was die De Beer trek, en hulle het baie swaar gekry. Sommige lede van die geselskap - kinders ingesluit - is op pad oorlede, en die res het uitgeput en siek op Moshi aangekom, vier maande na hulle Tanga verlaat het.

Na hierdie trekke was daar die Abraham Joubert trek in 1905, en verskeie ander, na die Kilimanjaro-gebied. Abraham Joubert-hulle het egter deurgetrek na die Uasin Gishu - Kenia se hooglande, en daar op die plaas *Verbrandebos* tot die einde van hulle lewens gaan woon.

Rooi Piet het ook Kenia toe getrek, na Nakuru - om 'n hele aantal redes. Hy het

gesien hoe minagtend die Duitsers teenoor die Afrikaners optree, en hy het die ellende van malaria en slaapsiekte aanskou. Ook het hy die skrif aan die muur gesien met die naderende Eerste Wêreldoorlog. Op 16 Oktober 1907 is hy met Margaretha Maria Blignault getrou te Nairobi, Kenia. Vyf kinders is uit die huwelik gebore. (Dit was sy derde huwelik. Hy is die eerste keer getroud in 1881, op 22 jaar, met 'n nooi Grobler van Lydenburg. Hulle het vier kinders gehad, en sy is skielik in 1888 oorlede. Sy tweede vrou was 'n jonger suster van die eerste. Kort na die geboorte van haar enigste kind is sy ook oorlede, in 1889.)

**Alles tevergeefs - of dalk nie?**

Uiteindelik het Pieter, na die Eerste Wêreldoorlog, tog onder Britse heerskappy beland. Toe het hy egter al geleer om die Briste stelsel tot sy eie voordeel te benut. Hy het ook baie reise na Suid-Afrika onderneem en hom daaraan gewy om 'n nuwe Boer-Republiek na te streef. Hy was redelik aktief, alhoewel op die agtergrond, en in 1945, op die ouderdom van 85 jaar, is hy stilweg oorlede te Kitale, sewentien jaar voor die verwesenliking van sy ideaal op 31 Mei 1962. Hy is in Eldoret, Kenia, begrawe.

---

## Chris Odendaal van Verbrandebos Onthou.

In 1905 het my ma met die Jouberttrek gearriveer. Haar pa is oorlede in die Boereoorlog terwyl haar moeder en familie in konsentrasie kampe was. Sy is jonk getroud met P.B. Odendaal (Juts).

Londiani was die naaste stasie aan die Verbrandebos waar ons in 1910 'n plaas gekry het.

Dit het baie gereën en die rooi modder het aan die pad die naam van 'Rooi See' gegee. Bamboes was volop waarmee goeie sweepstokke gemaak is. Ons bure was Oom Koos Prinsloo en op sy plaas was daar later 'n skool. My twee susters Judith en Lettie was by Tant Truida in die skool.

Ons het by mnr. Ball se meule mielies gemaal en ook groot sederbome laat saag vir bou-doeleindes. Op ons plaas het ons koring en mielies geplant en later ook die lekkerste geelperskes. Eers is die koring met die hand gesny en later met 'n binder wat deur osse getrek was. Ons het mielies in gerwe gepak en dan het mnr. Claassen kom dors, eers met 'n stoomenjin om die dors masjien te draai en later met 'n trekker. Die dorsmasjien was swaar en die stoomenjin nog swaarder.

My pa het bokke gehad wat ons vir slagvleis gehou het as ons nie kon wild skiet nie. Die luiperd was net so lief vir die bokke. 'n Swartman met die naam van Nguêsês is deur 'n luiperd (tier soos ons hulle genoem het) aangeval. Die dier het sy kopvel oop geskeur. Die swartes het sy kopvel weer vasgewerk en hy het gesond geword maar die merk was maklik te sien.

By die Central Skool (ek kon nie juis Engels praat nie) het ons 'n ruk lank in 'n gebou met grasmure en dak skool gegaan. Daar was 'n Miss.Cloete ons onderwyseres. Later is 'n nuwe skool en koshuis gebou. Drie van ons

Odendaal kinders het dit reg gekry om heel bo uit te kom, eers Lettie, toe ek en later Adriana.

In 1939 was ek en Maghiel in die Kenya Regiment en toe in die Kenya Armoured Cars. Maghiel se gepantserde wa wat van gewone yster gemaak was is opgeblaas. Maar hulle het niks oorgekom nie. Toe is ons na Abyssinia met gepantserde S.A. karre. In die begin het ons bakkies wat van plank aanmekaar geslaan was, gebruik as verkenningsvoertuie. Ek is liggies gewond toe ons die eerste keer saam met die S.A.Weermag gaan veg het in Abyssinia. Eenkeer het die S.A.Lugmag ons onder skoot gehad en van hulle vliegtuie was gedwing om naby ons te land. Van Abyssinia is ons terug na Kenya om kos te kweek vir die weermag.

Ons het in die saal naby Broederstroom en Plateaustasie Dingaansfeeste en basaar gehou. Ons het saans op die Eldoret skougronde volkspele gedoen. Die gereelde nagmaal by Vergenoeg Kerk was baie aangenaam. Ons het in 'Amerikani' tente gaan kamp en die katkisasie het interessante oomblikke opgelewer as stouterds die tente se lyne los gemaak het.

Toe die suidwaarts trek begin het, het ons Unie toe gekom per skip en ons voortuig saam gebring. Ek het een jaar op Nelspruit probeer tabak boer, maar die hael het dit weggeslaan. Toe het ek vir twee jaar as vee inspekteur op Babanango in 'n tent langs die grens van Mosambiek gewoon, totaal van die beskawing afgesny. Daarna het ek op Wenen en in Dullstroom gewerk totdat ek in 1995 in Witbank afgetree het.

## Susanné Liebenberg (gebore von Landsberg) skryf:

*Baie dankie vir die bydrae van mev Frolie de Waal - soveel onthou en heimwee. Die pad wat julle gekom het, het ons ook gekom, met een groot verskil: ek kon nie dagboek hou nie, want ek was maar agt jaar oud.*

Interessant, al die onthous en vertellings kom van die Eldoret mense; wat het van die Thomson's Falls mense geword?

Omdat ek baie klein was, onthou ek min. Ek het ook 'n groot fout gemaak. Ek het gedink dit wat my pa weet hoef ek nie te weet nie, hy is mos daar om te vra... Nou is dit te laat. Daarom vra ek, asseblief, dat iemand met staaltjies kom oor die Valle mense, en die boere van Rumuruti en Aberdare - die Van Dyks, Van der Westhuizens, De Bruyns, en nog vele meer. Vertel van Van Riebeeck skool. Ek was een jaar daar op skool voordat ons Unie toe gekom het. Ons familie het darem ook baie goed uit Eldoret ontvang. Behalwe dierbare familie en vriende, het my pa, John von Landsberg, vir Marie du Plooy by Eldoret gaan haal - en so gesorg vir die beste ma ooit.

Ek sal graag herinneringe wil deel van my pa se rugby en sportjare, en wil hoor van sy vriende wat dit met hom meegemaak het.

My grootouers, Niel en Maggie von

Landsberg, het daar geboer. Ouma Maggie (Vorster - Eldoret) woon tans in Pemba, Noord-Mosambiek, by haar jongste seun Koos. Sy is nog baie gesond en het weer eens 'n Swahili huishouding aan die gang. Sy wil net elke dag die toto *twanga*!

Ek onthou van ons Safari's, en vakansies by Mombasa en Malindi saam met die Pöhls en oom Hennie Pienaar-hulle - pragtige herinneringe wat heimwee bring.

Dankie aan Habari vir 1998 se interessante nuusbrief. Ek het elke woord geniet - en vir die voorblad 'n spesiale woord van dank.

Aan al die Eldoret mense (my ma se mense) baie groete, en aan al my pa se mense (die Valle mense wat nooit geleer het om te skryf nie) baie, baie liefde.


Ka Masuri...
(Posbus 1543, Betlehem, 9700)


---

**Wie onthou nog?**




**al die pligsgetroue bywoners van so baie vorige byeenkomste?**









Kom kyk na Eddie se versameling van foto's!

# Habari 1999

## Les Tucker (ex Unga Ltd 1948-1962) writes:

Jambo Sana! The University of Cape Town had a Rugby Tour in East Africa in late 1958, early 1959. Attached is the programme and team of the 4th Test on 24 January 1959. As to the East African XV, where are they now? Remo Pollastri is in Zimbabwe, K Oulton is in Mombasa, Kenya, and Les Tucker is in Queenstown. I do not know where the others are.

Interesting to note that the touch judge of the game was C H Oberholzer, representing part of the University of Cape Town touring team, also lived in Queenstown up to 2 months ago - so bonds of friendship and Rugby camaraderie, begun in 1959 in East Africa, were cemented again during our many years together in Queenstown - Les Tucker and Charlie Oberholzer - small world!

The University of Cape Town's team of 24 January 1959 is of interest - many went on to play for this province, and one for South Africa. Les Tucker has all the addresses and phone numbers, and can be contacted at 0451-5614, or 33 Frost Street, QUEENSTOWN, 5320.

(My grandson is captain of Queen's College 2nd XV - a chip off the old block, but not quite as good as his grandfather - not yet, anyway!)

EAST AFRICA versus UNIVERSITY OF CAPETOWN TOURING TEAM at the R F U E A GROUND NGONG ROAD, SATURDAY 24TH JANUARY 1959 - KICK OFF 5PM

UNIVERSITY OF CAPETOWN
Blue and White

| | |
|---|---|
| 1 LIW Jeffrey | **Full Back** |
| 2 JF Coetzee | **Wing Three Quarter** |
| 3 AR Hutchinson | **Centre Three Quarter** |
| 4 GM Antelme | **Centre Three Quarter** |
| 5 T Anstey | **Wing Three Quarter** |
| 6 CJ Benn (Capt) | **Fly-Half** |
| 7 N Raad | **Scrum-Half** |
| 8 L Du Plessis | **Forwards** |
| 9 NF Dollar | |
| 10 B Bey | |
| 11 RJ Stubbs | |
| 12 AS Malan | |
| 14 I Le Roux | |
| 15 I Grey Holmes | |
| 16 BG Holmes | |

EAST AFRICA
Green and White

1. *CGD Brown (Impala)
2. DF Rees (Kenya Harlequins)
3. *GLE Rutherford (Kenya Harlequins)
4. *LA Wright (Kilembe)
5. *JR Henderson (Nile)
6. *HY Keir (Nile)
7. *HA Swaine (Kitale)
8. *BR Hatfield (Kitale)
9. R Pollastri (Nakuru)
10. L Tucker (Nakuru)
11. KV Oulton (Nakuru)
12. KI Duncan (Kenya Harlequins)
13. ER Evans (Capt) (Kitale)]
14. DS Reynolds (Nakuru)
15. *L Booyse (Impala)

* New Cap

Touch Judge: CH Oberhölzer Referee: IM Malan (Kenya) Touch Judge: NG Fisher
Band of the 1st Bat, The King's Own Royal Regiment (Lancaster), in attendance by kind permission of Lt Col CH Lincoln, Officer Commanding.

**Brief:**

Diana van Rensburg, wife of the late Boet van Rensburg ex Police dog section, has recently been to Kenya for a visit and also to take Boet's ashes to his resting-place. She bought back a lot of beautiful photos of Kenya. A thorn tree that Boet planted with his name plaque on. She met a lot of Kenya Regiment people and their wives. A luncheon and a dinner were given for her. She then went to England to visit her daughter and family and other Kenya people that she knew.

There is a book out in Kenya similar to the telephone directory. It gives the names of people that lived there and the years they went to Kenya and where they stayed. They also included are the names of the people that were murdered during the emergency and the "titled gentry" who lived in Kenya. There is the longest name, "Lady Eileen Nina Evelyn Murray Kynamond-Elliot Scott. Longest family connections in Kenya - Leaky 1892-1988. The first white baby born in the Kenya Highlands – J A Stuart-Watt, Ngaleni 23 August 1895. It is the Kenya Up-Country directory containing the names of some of the expatriates of European origin who have lived and worked in up-country Kenya; compiled by T H Hutchinson 1991, Private Bag, Koru, Kenya.
Regards Tannie Emma

**Doodsberig**

CHRISTO JOUBERT die klein seun van Chris en Poppie Joubert en oudste seun van Pieter en Rina Joubert is in 'n motor ongeluk op Saterdag die 27 Junie 1998 op pad na 'n rugby wedstryd. Hy was maar 13 jaar oud en 'n leerling van 'n skool in Suid Wes. Ons innige meegevoel aan sy ouers. Jurgens Joubert.

## Returned after Twenty Years

*Jambo Sana, Habari ganie?*

Having spent my childhood years in Nairobi both at school and learning my profession in aviation at Wilson Airport, I can still remember that day when I finally made that all important decision that maybe the grass is ever greener on the other side of the fence. Yes, it was a sad day when I packed up my chest of tools and the few personal belongings that I owned and headed south with the recent memories of Arusha and my recent ascent of "Kili" paramount in my mind.

I don't think that one ever loses the nostalgia of our beautiful land and for two years I can remember I was terribly home sick for the real Africa. Rhodesia as it was gave me a taste of East Africa during the war torn years and for my wife and I it was a wonderful experience. I remember telling her on numerous occasions that this place was in many ways similar to Kenya but lacked the coastline and the magnificent mountain splendour. She, being and understanding girl said to me one day, "Graham, I know that you will never be happy until you go back one day and visit Kenya, but there is one condition and that is I'm coning with you."

My dream was fulfilled the other day when I was asked by my friend and colleague as to whether I would like to ferry a four-seater Cessna aircraft to Wilson Airport in Nairobi. I was beside myself with excitement; the new owner, from Nakuru and his engineer were to arrive in South Africa and to accompany me on the long trip which was scheduled to take the best part of fifteen hours.

We finally departed Nelspruit on the morning of 11th August 1998 and landed in Harare some four hours later. Spending the night with ex-Kenyans we were airborne early the next morning bound for Lilongwe in Malawi and then on to Dodoma in central Tanzania. Even at that isolated airfield I became aware of small things that I had not even ventured a thought for in twenty years, like the all familiar black and white East African cow which swooped from the airport customs building to feast on something it had spotted on the ground. Yes, I was back and despite the shabby appearance of the airport building I felt a peace in my heart. Even my stale Kiswahili started reviving. We spent the night in Arusha staying at a magnificent rose cultivation station, then it was on to Nairobi the following morning.

The all too familiar names of Amboseli, Kajiado and Athi River swept past our wing tip and in no time there was the familiar outline of the Ngong hills and the skyline of Nairobi. As soon as we were through with the formalities of entry I made a beeline to visit friends who I'm sure would have changed to extent in twenty-seven years that I would not have recognised them. This couldn't have been further from the truth and we enjoyed a good reunion. I was in Nairobi for only 24 hours and not able to visit the city nor the areas which held dear to me during my childhood era, my school, Lavington estate where I spent those early years. Am I going back? Yes, at all costs. I still am determined more than ever to show my wife and children the land that sill holds dear to me even twenty seven years can't erase.
Graham & Elmarie Midcalf
Neelspruit, Mpumalanga

**Onafgelewer - Undelivered - Missing - Moved - Changed - Verlore**

BLANCHE, Johan R, Posbus 295, IFAFI 0260
BRUMMER, Jas, SAP, Posbus 12, Louis Trichardt 0920
CUYT, Mev E J, Posbus 1182, PYRAMID 0120
FOURIE, Chris en By, Posbus 30606, Sunnyside 0132
GREER, Mnr R E, Posbus 265, Middelburg 1050
GREY, Maggie, Posbus 2565, New Germany 3620
GROLBER, Betty, Huis Vergenoeg, 33ste Laan 830, Villieria 0186
HEINE, Mev Lettie, Eerste Laan 58, Posbus 24, Weigedag 1527
JACOBS, C M, Leister House 24, Pretorius str 635, Arcadia 0083
JORDAAN, Louise, P O Box 82068, Doornpoort 0017
JOUBERT, Chris, P O Box 270, Kwambonambi 3915
KRUGER, Mnr C J (Jnr) Posbus 59080, Karin Park 0118
KRUGER, Posbus 734, Belfast 1100
LE ROUX, Jan & Flippie, Jan Fiscalstraat 93, East Lynne 0186
LOUWRENS, Johannes, 18 Joubert str., Paul Pietersburg 3180
MALAN, Mnr JJ Roodepoort oue-te-Huis, Privaatsak X2, Ansfrere 1711
MILLER, Mnr I G, P O Box 443, Barberton 1300
MOSTERT, Mev HS, Reinnette Rylaan 15, Constantiakloof, Florida 1709
MOUTON, Flip & Pauline, Posbus 50524, Wierda Park, 0149
MYBURG, Linda, Posbus 145, Ermelo 2350
OLIVIER, Mev WS, Spoorwegstreet 28, Pietersbrug 0700
POHL, Harry & Beat, Posbus 436, Marble Hall 0450
PRETORIUS, Karaburgstraat 3, Moderoos, Springs 1560
RANDALL, Mnr L J, Posbus 1053, Parys 9585
STEENKAMP, Bonker str 25A, Middelburg 1050
STEYN, Jaques, Posbus 27348, Sunnyside 0132
SWARTZ, Maurauder str 71, Rhodesfield, Kempton Park 1619
VAN AS, A, Maurauder str 71, Rhodesfield, Kempton Park 1619
VAN ROOYEN, Koos, Posbus 3357, Pietersburg 0700
VAN STADEN, Ds D J, Machteld Postmus Huis, Alexander str 372, Brooklyn 0181
VAN STRAATEN, Andries & Koba, Posbus 1071, Flamwood 2571
VENTER, Mnr & Mev H, Ingagane Kragstasie, Newcastle 2940
VISSER, Willie, 115 Louis Rus, Vanderbijlpark 1915
VON MALTITZ, Willem & Lena, Comeinhof 3, Highlandlaan, Virginia 9430

Laat weet as julle iets weet van bogenoemde

## PAD NA OOS-AFRIKA BYEENKOMS

